



## Artikel 36 vervolg

**Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4) en die deugsames te beskerm.**

In die vorige gedeelte is reeds uitvoerig aangedui dat owerhede die produk van God se genade is. Owerhede is daar ter beskerming van die mensdom. Die onderskeid moet net weer uitgelig word; dit is die struktuur wat ter sprake is en nie die persoon nie. Die amp van owerheid word in die loop van tyd deur verskeie persone gevul. Die persoon wat as owerheid optree moet daarom altyd onthou dat die posisie wat hy of sy beklee deur God ingestel is. Daardie persoon self is nie deur God aangestel nie, die pos wat die persoon beklee, is deur God daargestel. Die persoon se gesag is uit hoofde van die pos wat die persoon beklee en nie in sy of haar persoon self nie. Geen mens mag nou aanspraak maak daarop dat God self hom of haar aangestel het nie.

Aan die ander kant moet die een in die magsposisie weet dat die swaard (straf) in sy hand, deur God goedgekeur is. Dit plaas 'n ontsettende verantwoordelikheid op elkeen in 'n magsposisie. Jy gaan moet verantwoording doen aan die Een wat daardie mag moontlik gemaak het. Die feit dat die mag nie deur mense aan jou toegeken word nie, maar dat God die amp met die mag van die swaard daargestel het, moet maak dat elkeen met groot verantwoordelikheid en omsigtigheid daardie pos sal vul. Korrupsie en magsvergrype deur mense is die misbruik van dit wat God daargestel het.

**En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daarvoor te waak nie**

Die eerste taak van die owerheid is die bestuur van die staat. Daar is vele vlakke van hierdie bestuur. In ons eie land is dit baie soos in ander lande, met 'n stad, 'n streek en 'n provinsie as onderafdelings. Die konsep van owerheid is deur God gestel, die basiese struktuurering word deur mense gedoen om effektief die staatsbestuur te kan doen.

**maar ook om die heilige Woord bediening te beskerm,**

Die staat het ook 'n direkte verantwoordelikheid teenoor God. D die owerheid is daar om die mense in hulle sonde te tem, maar die staat is ook daar om die verkondiging van die Evangelie moontlik te kan maak. Die owerheid het 'n plig om die verkondiging van die Evangelie te beskerm. Dit is 'n skande dat daar sogenaamde Christenlande is waar die kerk uitgelewer en vervolgd voel of word.

**om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig,**

Die APK se vertaling van hierdie gedeelte lui: " *En hul opdrag is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die staatsinstelling nie, maar ook om die heilige bediening te handhaaf, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder,*

*die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel.*" Uit hierdie vertaling word dit duidelik dat daar twee interpretasies moontlik is van hierdie gedeelte in die NGB.

Daar is sommige Protestante wat oortuig is dat die owerheid die taak het om self besig te wees met die verkondiging van die Evangelie. Die vertaling aangehaal verteenwoordig hierdie perspektief. In hierdie raamwerk is dit nie net die owerhede se taak om die staatsinstellings te handhaaf nie, maar ook om die verkondiging van die Evangelie te handhaaf. Die owerheid het dan ook die taak om deur middel van wetgewing en wetstoepassing te verhoed dat daar afgodediens, kettery of ander valse godsdienste in die staat teenwoordig is. Die owerheid het dan ook die taak om aktief te veg teen die ryk van die Antichris. Die huidige situasie in die kerk in Nederland verteenwoordig deels hierdie verstaan van die NGB. Landsburgers betaal via belasting geld oor aan die staat. Deel van hierdie belasting is kerkgeld. Die staat gebruik dan hierdie geld om onder meer predikante te betaal. Dit is maklik om aan te dui dat dit nie een honderd persent so toegepas word nie. Die verdraagsaamheid teenoor Islam en ander godsdienste is genoeg van 'n aanduiding dat dit nie ten volle volgens hierdie interpretasie toegepas word nie. Die ander interpretasie verstaan die klousule so dat die woord "sodoende" gebruik kan word om die kerk se taak na behore te omskryf. Dit beteken die kerk het 'n taak en 'n veilige ruimte nodig om hierdie taak te kan doen. Die owerheid beskerm volgens hierdie interpretasie die

kerk op so 'n manier dat valse godsdienste, dwaling en afgodery deur die kerk bestry en uitgeroei kan word, primêr deur die verkondiging van die Woord. So verstaan, is die kerk in 'n oorlog betrokke teen die Satan en sy trawante, 'n oorlog met die doel om die bose se mag en ryk te verbreek en God se ryk te vestig. Die uiteinde daarvan sal wees dat die Evangelie oral gehoor kan word. Enige owerheid wat aan ander godsdienste dieselfde platform gee as wat vir Christene gegee word, verstaan nie dat net die Evangelie deur alle mense gehoor moet word.

**sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.**

Die finale doel is om deur verkondiging van die Woord 'n situasie te skep waar God deur alle mense geëer word en die hele gemeenskap lewe volgens God se Woord. Die staat se taak is om in dit alles die kerk te ondersteun en te help.

Hierdie ideale situasie is vandag net 'n droom. Die owerhede is so opgeneem in die humanistiese kultuur van verdraagsaamheid dat alle godsdienste dieselfde behandel word. Die Christelike geloof word selfs in sogenaamde Christenlande benadeel. Die staat faal in hierdie taak van veilige ruimtes skep.

Dit is duidelik dat hierdie ideaal nie in ons onmiddellike toekoms verwesentlik sal word nie. Daar is te veel lande waar die kerk van Christus vervolg word, direk en indirek. Dit beteken nie dat die owerhede skielik verval nie.

**Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys,**

Gehoorsaamheid aan die owerheid is nie 'n middelmatige saak waar mense kan kies om wetgetrou te wees of nie. Die persone in die posisies kan dalk korrup en veragtelik wees. Hulle gaan aan die Here verantwoording moet doen. Gehoorsaamheid aan die owerheid is 'n verpligting wat op elke mens rus, op grond van die struktuur deur die Here daar geplaas. Nêrens anders is die onderskeid soms so groot soos juis in hierdie situasie nie. Gelowiges moet in hulle denke die onderskeid tref tussen persoon en struktuur en dan tog gehoorsaam bly, selfs aan die persoon wat die situasie misbruik.

Die meeste sisteme het darem meganismes wat (soms oor 'n lang tyd) hierdie vergrype uitwerk. Geen onderskeid word getref tussen mense in terme van rang of stand nie. Die rykes is in sommige gevalle tog geneig om te dink dat hulle bo die wet verhewe is, of dat 'n ander stel reëls vir hulle geld. Die waarheid is dat daar soms deur korrupte owerhede ander toepassings is van dieselfde reëls. Dit is nie 'n verskoning vir die ontevredenenes nie. God is die een aan wie verantwoording gedoen moet word.

Daarmee saam is dit die plig van elke burger om die nodige belasting te betaal. Dit is nie altyd aangenaam nie. Soms is die belasting strukture onregverdig en baie maal word die belasting geld verkwis/ Dit is die plig van die burger om belasting te betaal. Dit is die plig van die owerheid om die geld regverdig in te vorder en reg aan te wend.

Die owerheid verdien nie noodwendig die eer en onderdanigheid nie, en tog word dit van ons verwag om dit aan hulle te gee uit hoofde van ons gehoorsaamheid aan die Oorsprong van owerhede.

**hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie,**

Daar is 'n duidelike en verdedigbare grens aan burgers se gehoorsaamheid aan die owerheid. Owerhede mag nie besluite afdwing wat in stryd met God se Woord is nie. Hierdie word nou 'n grys gebied in baie opsigte. Wat druis in teen God se Woord? Die GHG koester die huwelik en verstaan uit die Skrif dat homoseksuele verhoudings sonde is. Die NGK en die NHK stel dat die plaaslike gemeente self moet besluit oor die saak. Die hof se 2019 uitspraak oor hierdie saak maak dit duidelik dat hulle standpunt op afdwingbare goedkeuring neerkom, selfs op plaaslike vlak. Wat nou gemaak met die dominee wat genader word om so 'n huwelik te voltrek?

Dit is duidelik dat die geloofsgemeenskap duidelike teologiese lyne sal moet trek. Gelowiges moet weet tot waar gehoorsaamheid aan die owerheid 'n verpligting is, en waar is: *“Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.”* (Handelinge 4:19-20)

Per slot van sake sal elke gelowige in eie gemoed oortuig moet wees van die sake wat in stryd is met die Evangelie en waarin hulle dan nie aan die owerheid gehoorsaam hoef te wees nie. Daniël het in die leeu kuil beland op grond van sy ongehoorsaamheid. Dit beteken nie dat dit noodwendig met ons sal gebeur nie. Ons moet net in ons eie gemoed klarigheid oor die saak hê.